



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

MUSIEK V1

NOVEMBER 2011 (1)

SENTRUMNOMMER:

--	--	--	--	--	--	--	--

EKSAMENNOMMER:

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

PUNTE: 125

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye en 1 bladsy manuskrippapier.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings, naamlik AFDELING A en AFDELING B.
2. Beantwoord AFDELING A op hierdie vraestel, slegs met potlood, in die spasies wat voorsien word.
3. Beantwoord AFDELING B in die ANTWOORDEBOEK wat verskaf word.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk bedoel is. Die kandidaat mag dit verwyder.

NASIENROOSTER

VRAAG	TOTALE PUNTE	NASIENER	MODERATOR
AFDELING A			
1	14		
2	15		
3	9		
4	10		
5	12		
SUBTOTAAL	60		
AFDELING B			
6	5		
7	9		
8	6		
9	12		
10	10		
11	10		
12	5		
13	8		
SUBTOTAAL	65		
GROOTTOTAAL	125		

AFDELING A: MUSIEKTEORIE


Beantwoord VRAAG 1, 2, 3, 4 en ÓF VRAAG 5.1 ÓF VRAAG 5.2.

VRAAG 1

1.1 In watter toonsoort is die musikvoorbeeld hieronder?

Hongaarse Dans Nr. 5

Brahms




(1)

1.2 Voeg skuiftekens by die volgende note om die doriese modus op A^b te vorm.



(2)

1.3 Skryf B majeur toonleer op- en afgaande in die altsleutel in enkelvoudige drieslagmaat met toonsoortteken. Jy mag enige nootwaardes van jou keuse gebruik. Dui halftone met bogies aan.




(5)

1.4 Identifiseer TWEE verminderde drieklanke en EEN vergrote drieklank wat in E^b harmoniese mineur toonleer voorkom. Noteer die drieklanke in eerste omkering.

Verminderd

Verminderd

Vergroot



(6)
[14]

VRAAG 2

Bestudeer die fragment hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

Six Chansons (1939) Printemps (Spring)

Paul Hindemith

Moderate (♩ = 66 - 70)

SOPRANO
O song that from the sap art pour - ring and through the sound - ing


ALTO
Song that from the sap art pour-ing and through the sound - ing (a)

TENOR
Song that from the sap art pour-ing and through the sound - ing (b) (c)

BASS
O song — now pour —


PIANO
For rehearsal only

2.1 Transponeer die note van die altparty in maat 2 by (a) vir trompet in B^b.




(3)

2.2 Herskryf maat 2 van die tenoorparty by (b) in enkelvoudige vierslagmaat. Voeg die nuwe tydmaatteken by.




(3)

2.3 Benoem die interval by (c).



(1)


2.4 Skryf die omkering van die interval by VRAAG 2.3 in enharmoniese vorm.



(2)

2.5 Herskryf die vokale partye van maat 2 in geslote (digte) partituur. Laat die teks uit.

Moderato (♩. = 66 - 70)

A musical score for piano in 12/8 time, marked Moderato (♩. = 66 - 70). It shows the first two measures of a vocal part in a closed score format. The treble clef part has a key signature of one flat and a 12/8 time signature. The bass clef part has a key signature of one flat and a 12/8 time signature. The music consists of eighth and sixteenth notes.

(6)
[15]

VRAAG 3

Bestudeer die vierstemmige fragment hieronder en volg dan die instruksies.

3.1 Voltooi die sopraanparty in maat 1 by (a) sodat dit 'n beklemtoonde deurgangsnoot sal insluit. (2)

3.2 Voltooi die tenoorparty van die kadens in die blokkie by (f) om 'n terughouding te illustreer. (3)

3.3 Besyfer die akkoorde by (b), (c), (d) en (e), byvoorbeeld G: I⁶ of G/B, ensovoorts.

(b) _____

(c) _____

(d) _____





(e) _____

(4)
[9]

VRAAG 4

Gebruik enige EEN van die aanvangsmotiewe hieronder om 'n twaalf-maat-melodie in ABA-vorm te voltooi. Voeg dinamiese en artikulasietekens by.

Instrument: Tjello

Andante






Die melodie sal volgens die volgende riglyne nagesien word:

BESKRYWING	PUNTETOEKENNING	KANDIDAAT SE PUNTE
Vorm en kadenspunte	6 (3 + 3)	
Musikaliteit: melodiese kontoer en klimaks	8	
Dinamiek en artikulasie	2	
Korrektheid van notasie: Aantal mate, nootstele, polsslae per maat, skuiftekens, spasiëring	4	
TOTAAL	20 ÷ 2 = 10	

[10]

OF

Instrument: Klarinet

Allegretto

Die melodie sal volgens die volgende riglyne nagesien word:

BESKRYWING	PUNTETOEKENNING	KANDIDAAT SE PUNTE
Vorm en kadenspunte	6 (3 + 3)	
Musikaliteit: melodiese kontoer en klimaks	8	
Dinamiek en artikulasie	2	
Korrektheid van notasie: Aantal mate, nootstele, polsslæe per maat, skuiftekens, spasiëring	4	
TOTAAL	$20 \div 2 = 10$	

[10]

VRAAG 5

Beantwoord ÓF VRAAG 5.1 ÓF VRAAG 5.2.

- 5.1 Voltooi die volgende vierstemmige harmonisering deur geskikte akkoorde in die gegewe styl by te voeg:

V I vii^{°6} I⁶ I I₄ V V₂ I⁶ V₄ I IV V vi

5

Die harmonisering sal volgens die volgende riglyne nagesien word:

BESKRYWING	PUNTETOEKENNING	KANDIDAAT SE PUNTE
Korrektheid	6	
Keuse van akkoorde	6	
TOTAAL	12	

[12]**OF**

5.2 Bestudeer die 12-maat-blues-werk hieronder en volg dan die instruksies.

Back Porch Blues

Original music by Ana Sanderson

♩ = 84

Musical notation for measures 1-3. The piece is in 4/4 time with a key signature of three sharps (F#, C#, G#). The melody in the treble clef features a triplet of eighth notes in measures 1 and 3. The bass clef contains a steady eighth-note accompaniment.

Musical notation for measures 4-6. Measure 4 is a whole rest in the treble clef. Measures 5 and 6 show a triplet of eighth notes in the treble clef and a continuation of the eighth-note accompaniment in the bass clef.

Musical notation for measures 7-9. Measure 7 has a whole rest in the treble clef. Measures 8 and 9 continue the eighth-note accompaniment in the bass clef.

Musical notation for measures 10-12. Measure 10 has a whole rest in the treble clef. Measure 11 has a whole rest in the treble clef. Measure 12 contains a triplet of eighth notes in the treble clef and a final eighth-note accompaniment in the bass clef. Above measure 12 are the labels (a), (b), and (c) with a circled 'c' above the final measure.

- 5.2.1 Voltooi die klavierpartituur tot by maat 10 in die gegewe styl (12-maat-blues). (9)
- 5.2.2 Voeg die volgende akkoorde in by (a) en (b) deur die korrekte nootwaardes te gebruik:
- (a) $A^7/C^\#$
- (b) E^7 (2)
- 5.2.3 Besyfer die akkoord by (c), byvoorbeeld D/A.
- (c) _____ (1)
- [12]**
- TOTAAL AFDELING A: 60**

AFDELING B: ALGEMENE MUSIEKKENNIS

Beantwoord die vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK wat verskaf is.

VRAAG 6

Kies VYF items uit KOLOM B wat by enige VYF woorde/beskrywings in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (6.1–6.13) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 6.14 M.

KOLOM A		KOLOM B	
6.1	Ragtime	A	<i>The Rite of Spring</i>
6.2	12-maat-patroon	B	<i>Smetana</i>
6.3	Cadenza	C	Polonaise
6.4	Tema en variasies	D	<i>West Side Story</i>
6.5	Statige prosesiedans in drieslagmaat	E	<i>Voiles</i>
6.6	'n Musikale toonsetting van 'n gedig van Goethe	F	<i>Simfonie Nr. 4 in E Mineur, Op. 98</i>
6.7	Tsjeggiese musikale nasionalisme	G	Concerto
6.8	Deel van die Nasionale Volkslied van Suid-Afrika	H	<i>Lost Your Head Blues</i>
6.9	Kalm gewieg van seile in die wind	I	<i>La Bohème</i>
6.10	Balletmusiek	J	Enoch Sontonga
6.11	Die 'Jets' en die 'Sharks'	K	<i>Der Erlkönig</i>
6.12	Aria	L	<i>The Entertainer</i>
6.13	Vier bewegings		

(5 x 1)

[5]

VRAAG 7

- 7.1 Gee 'n definisie vir DRIE van die volgende terme. Skryf slegs die definisie langs die vraagnommer (7.1.1–7.1.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 7.1.1 Heeltoon-toonleer
- 7.1.2 Tweeledige/Binêre vorm
- 7.1.3 Cadenza
- 7.1.4 Opera
- 7.1.5 Improvisasie
- 7.1.6 Modulasie (3 x 2) (6)
- 7.2 Kies DRIE van die volgende definisies. Gee EEN musiekterm vir elke gekose definisie. Skryf slegs die definisie langs die vraagnommer (7.2.1–7.2.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 7.2.1 Musiek wat die stemming uitbeeld of wat die storie vertel wat deur die titel van 'n musiekwerk voorgestel word
- 7.2.2 Kunstige toonsetting van 'n gedig vir solostem en klavier, wat gedurende die Romantiese tydperk en later ontwikkel het
- 7.2.3 'n Begrip wat in jazz gebruik word vir 'n noot wat meer uitdrukkingvol gemaak word deur die toonhoogte daarvan te verlaag
- 7.2.4 Die uitvoering of notasie van musiek op 'n ander toonhoogte en dus in 'n ander toonsoort as waarin dit oorspronklik geskryf of uitgevoer is (3 x 1) (3)
- [9]**

VRAAG 8

- 8.1 Wat was die komponis Jeanne Zaidel-Rudolph se rol in die proses om die Nasionale Volkslied van Suid-Afrika te skep? (3)
- 8.2 Noem DRIE eienskappe van die swing band-styl. (3)
- [6]**

VRAAG 9

Verduidelik hoe die volgende musikale elemente in die vierde beweging van Brahms se *Simfonie Nr. 4 in E Mineur* gebruik word:

- Vorm
- Tekstuur
- Harmonie
- Dinamiek

(Drie punte sal vir elke element toegeken word.)

[12]

VRAAG 10

10.1 Daar is sekere styleienskappe wat prominent is in Afrika-koormusiek.

Jy het EEN van die volgende koorwerke bestudeer:

- *Monna e Motenya* – B Gcisa
- *Plea from Africa* – JK Bokwe
- *Gabi Gabi* – Tradisioneel, verwerk deur William Powell

Noem VYF belangrike styleienskappe wat in die werk wat jy bestudeer het, voorkom.

(5)

10.2 Skryf 'n paragraaf oor die Suid-Afrikaanse populêremusiek-kunstenaar wat jy bestudeer het (Mandoza of Lucky Dube of Steve Hofmeyr). Sluit biografiese besonderhede en styleienskappe in en noem ten minste EEN lied of album wat die kunstenaar vrygestel het.

(5)

[10]

VRAAG 11

Jy en jou vriend/vriendin luister na 'n jazz-klaviersolo oor die radio. Julle stem nie saam oor die styl van die stuk nie. Jou vriend/vriendin sê dit is bebop en jy sê dit is ragtime.

Skryf 'n kort opstel en gee redes waarom jy van jou vriend verskil deur hierdie twee style te vergelyk.

[10]

VRAAG 12

Beskryf kortliks die styleienskappe van EEN van die volgende populêremusiek-genres:

- Heavy metal
- R&B pop
- Glam rock
- Brit pop
- Girl/Boy bands

[5]**VRAAG 13**

Kies EEN van die volgende musiekkategorieë:

- Kwaito
- Moppies en ghommalieliedjies
- Musiek vir sosiale geleenthede

Skryf 'n kort opstel oor die kategorie wat jy bestudeer het. Verwys na die oorsprong en stylkenmerke van die musiek.

[8]

TOTAAL AFDELING B: 65
GROOTTOTAAL: 125

The image contains 15 blank musical staves, each consisting of five horizontal lines. These staves are arranged vertically down the page, providing a template for musical notation. There are no notes, clefs, or other markings on the staves.